# XANDR

Kyk, ek voel bietjie gekroek. Vandat ek besef het die wêreld is groter as Johannesburg, droom ek daarvan om die wêreld te sien, verkieslik *al* die lande voor ek my laaste asem teruggee. Maar ek is sewentien, sonder enige noemenswaardige spaargeld, sonder 'n paspoort en met ouers wat geen behoefte het om buite die landsgrense te verken nie.

En sommerso kruis ek my eerste landsgrens. Geen stempel in die paspoort wat ek nie besit nie, geen ballonne of geblaas van trompette nie, niks. Net 'n plek wat presies soos Suid-Afrika lyk, veral nou. Roet en as en smeulende stompe en rookwolkies wat die horison versper.

Ek was die duiwel in vir Rufus. Sy het so 'n mislike kyk op haar gesig gehad vandat ons gestop het vir my blaas. Daai kyk het net vererger toe ons die gemors by daai vragmotors gesien het. Haar woorde was giftig. Ek sien dit nie baie nie maar, nodeloos om te sê, ek is nie 'n aanhanger van dáái Rufus nie.

Haar poging om my uit my bui te red, was belaglik. En dit oor iets wat haar skuld was. Oukei, dalk nie heeltemal nie. Dalk het die vragmotorprentjie, die vernietiging om ons, die gewonder oor ons ouers en vriende, die vraag oor wat voorlê, en die verdomde

rook wat skynbaar nooit ophou nie, ook ’n rol gespeel. Maar steeds: Be-lag-lik.

Tog. Dit het gewerk. Nie dadelik nie, maar dit het.

Ons gesels weer. Haar bui en my bui het saam-saam gelig met die gesoen van die Lesotho-grond. Vergeet van aliens, mense is flippen weird. En ek sluit myself hierby in.

# RUFUS

Maseru tref ons hard. Dis die eerste plek waardeur ons ry sedert Clarens. By al die ander dorpe het ons net verbygery, in die stille hoop dat die puin wat ons van die pad af sien nie die volle prentjie is nie. Maar hier in Maseru is dit.

Ons volg die dubbellaan-teerpad. Die rook is digter hier en ons maak die motor se vensters en luggate toe. Hier en daar brand iets nog. Die een of twee straatlampe wat nog staan, is geknak soos verlepte affodille.

Vir die eerste keer is daar ook ’n ander reuk in die lug. Soos vleis wat verbrand het. ’n Soet-suur, verkoolde walglikheid, en dit laat my nies.

“Gesondheid,” mompel Xandr. Ek sien sy neus trek ook snaaks. Plooitjies vorm bo-op, en sy lippe word dun lyne. Ek wil nie eers dink wat die stank is nie. Selfs al is dit voor die hand liggend. Dis net boerbokke en skape wat vasgekeer was, probeer ek myself oortuig.

Links staan ’n baksteenmuur nog, maar agter dit is net smeulende puin. Verder aan is ’n drieverdiepinggebou wat lyk soos ’n koek wat in die oond platgeval het. Ons koppe swaai van kant tot kant om die verwoesting in te neem. Nêrens is ’n mens, dier of voël te sien nie. Net geboue wat tot op die grond afgebrand het, en die metaalkarkasse van motors en vragmotors

wat swart en dood in die systraatjies en parkeerterreine staan.

Toe sien ek dit: woorde wat teen ’n muur staande gebly het. Dit was moontlik eens wit; nou is dit grys-swart van die roet: “South African High Commission Maseru.” Maar die gebou agter die muur is weg, vernietig tot op die grond. Die trane kom net. Baie. Daar is niks wat ek kan doen om dit te keer nie. My klanklose trane sit om in snikke. Dan in ’n hewige oopmond-huil. Dit groei en groei.